# Lesing 56 - 10 Mei 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 69 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 07/01/19

"Daar is baie beproewinge oor julle pad gestuur in hierdie tyd, MY kinders, want in die komende tye wil EK sien dat julle kan oorwin en vasstaan tydens alle aanvalle en gevegte teen julle. EK wil sien hoe julle kan heers en omhoog vlieg bo alle probleme en beproewinge. Julle moet julle Krag vanuit MY ontvang, want EK wil julle help en lei langs elke weg en wil julle op MY Weg lei.

MY kneg, jy moet vasstaan en sterk wees in MY want jy is geroep! EK het jou geseën met LIEFDE en gawes vanaf MY en daarmee moet jy jouself omhoog laat styg in Vreugde en Liefde. Fokus daarop, fokus op MY Gawes en fokus op MY, en in tye van benoudheid en hartseer, **omhels MY Moederliefde wat jou dra**.

EK IS WAT EK IS sal elkeen van julle so dra in hierdie tye, want MY LIEFDE IS wat EK IS en EK is vir julle en nie teen julle nie. EK wil julle help en sal julle laste help dra. Maar dra julle laste met bereidwilligheid om te oorwin vir MY, in MY! EK sal die Oorwinning aan julle gee, **maar hou aan bou aan julle Huise in julle harte, Huise van Liefde en Lig**, waar EK kan woonplek inneem en saam julle elkeen die lewe tegemoetgaan. Onthou, EK LEEF!

Neem MY Hand en praat met MY in julle harte van opregtheid, want EK sal julle versterk en genees tot MY eer en verheerliking! Maar hou vas aan MY, en laat MY nie los nie, want EK los julle nie.

Begin in Geloof en gehoorsaamheid lewe met harte van brandende LIEFDE; en julle sal sien hoe die geveg reeds oorwin is!"

Openbaring 70 ontvang op 08/01/19

"Skryf hierdie nou neer, MY kneg: Julle wat julle magsbasisse bou op grond van aardse rykdom en besittings, die bestemming vir julle siele lyk uiters duister en smartlik. Julle wat vreugde vind in aardse vermaak en afskuwelike dade, julle siele ontbind in dood en die Lewe is nie julle lot nie. Julle wil vriende met die wêreld en MY teenpool wees, maar MY verwerp julle in julle harte. Julle verval in dwelms en drank, en slawerny in drank is julle baas en meester, omdat julle nie WIL luister na MY Waarskuwings nie en julle wil ook nie MY hulp aanvaar nie. EK kan al MY hulp en leiding aanbied, maar as julle nie WIL verbeter en genees nie, dan kan EK niks doen nie. Ek benodig julle vrye werksame wil en erns as julle verlos wil word. Julle moet gehelp WIL word om omhoog bo julle afvallighede te styg en sodat EK julle kan vergewe na berou.

Vir julle wat nie wil luister nie, julle sal wegsink in julle eie selfgemaakte oseaan van besoedeling en sonde, omdat julle MY reddende Hand weggewys het. Maar MY Wil sal geskied en MY Stem sal gehoor word oor die ganse Aarde en julle sal weet dat EK IS WAT EK IS!

Los julle aardse denkwyses en dwaasheid, en begin fokus om LIEFDE te doen en uit te leef na julle naaste. Julle moet ophou fokus op wat julle julleself mee kan bevredig en **begin kyk na die nood en tekortkominge van julle naaste**. Begin dienend te lewe en julle sal sien hoe MY Woord en Lig lewend word in julle. Julle sal voel hoe MY Krag en Barmhartigheid gestand doen en ook vermeerder in julle lewens as julle begin en volhard om op die Geestelike te fokus en MY te gehoorsaam.

Wees nie bevrees nie en soek MY altyd eerste in alles en handel volgens MY Getroue Stem. MY Weg lei na die LEWE en julle siele moet MY Vryheid smaak. EK wil julle terughê as Liefdesiele wat hulle VADER bo alles wil behaag en liefhê.

**Die tyd het gekom vir die weergalm van MY Sweepslag oor Suid-Afrika en julle, MY Boerevolk, julle moet terugkeer na MY en ophou om aan julle neuse rondgelei word deur die fariseërs en die nageslag van Esau!**

Die LIEFDE gaan vanuit MY en keer terug tot MY omdat EK LIEFDE IS - Die Begin en die Einde, die Allesomvattende EK IS!

Waarom kan julle nog nie begryp dat die LIEFDE die enigste Weg tot verlossing en Oorwinning is nie? Oordink hierdie vraag en doen selfondersoek MY kinders en bid tot MY; praat met MY en laat MY toe om julle te brei en te vorm. Vertrou op MY en raak gehoorsaam."